**Maandag 13 Junie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 53:1-10; HK Sondag 15, Antwoord 37**
**Fokusgedeelte: Jesaja 53:4, 7**

## Die borgtogtelike lyding van Christus

Daar is al baie gruweldade op aarde gepleeg, maar nie een kan vergelyk word met die lyding wat Christus aangedoen is nie. Hier word die beste Mens wat ooit geleef het op die brutaalste wyse doodgemartel. Al die haat en wraaksug, al die beledigde trots en gekrenkte selfsug, al die verenigde boosheid wat die mens wat van God afvallig geword het, na vore kon bring, word hier geopenbaar. Al die magte van die duisternis het hier saamgekom en op Christus toegesak. Hierdie dinge word profeties aan ons voorgehou in Jesaja 53 waarin die borgtogtelike lyding en sterwe van Christus duidelik geteken word. Vers 7 begin deur te sê: "*Hy is mishandel ...*" Dit is 'n kort uitspraak waarin die smadelike en skandelike behandeling van Christus tog skerp en duidelik geteken word. Ons verstaan dit nog beter as ons weet dat hierdie selfde woord ook gebruik is om die harde meedoënlose optrede van die Egiptiese drywers teenoor die Israeliete aan te dui (Eks. 3:7). Verder word die woord ook gebruik om die genadelose aanjaag van diere met 'n geskreeu en 'n geslaan met stokke deur drywers te beskryf (Job 39:10; Jes. 9:3). Hy is verbrysel en deurboor (vs 5) – skrikwekkende dade – erger as die straf van 'n skuldige, veragtelike slaaf van destyds. Hy is gestraf, geslaan en gepynig (vs 4), erger as 'n redelose dier deur 'n roekelose mens. So is ons Heiland mishandel. Alle medelye is hier volstrek uitgeskakel. Aan reg en geregtigheid is hier nie gedink nie.

Dit is wat mense Christus aangedoen het. Dit is die lyding wat gesien kon word. Hoe vreeslik moes die deel van sy lyding egter wees wat nie deur mense gesien kon word nie – die lyding onder God se vlammende toorn! In die lyding van Christus sien ons immers nie net menslike boosheid en duiwelswerk nie. Hier aanskou ons ook die werk van God. Hier neem God sy eie Seun wat nooit enige skuld gehad of sonde gedoen het nie, en plaas al ons skuld en ongeregtigheid op Hom. Die straf wat ons regverdiglik moes dra, het God op Hom laat neerkom. Omdat Christus borgtogtelik, dit beteken: in ons plek, ons skuld voor God gedra het, daarom het God se heilige toorn sy eie Seun getref sodat Hy in die helse smarte wat Hy moes verduur, self deur God verlaat was. Van hierdie lyding praat Jesaja (53:4) as hy sê: "Hy het ons lyding op Hom geneem." Omdat Hy dit gedoen het, het Hy ons van die ewige toorn en straf van God bevry. Daarom moet ons uit dankbaarheid ons hele lewe aan Hom toewy en Hom in alles dien en eer (Rom. 12:1).